

MENSEHANDEL: WÊRELDSTATISTIEKE



Daar is vandag **50 miljoen** mense wêreldwyd in slawerny vasgevang.¹



Mensehandel genereer ongeveer **\$236 miljard Amerikaanse dollar** per jaar.²



Ongeveer 1 uit 4 slagoffers van mensehandel is kinders.³



Mensehandel kom in **elke streek van die wêreld** voor en kan met enigiemand gebeur.

TEKENS VAN MENSEHANDEL

Gebruik hierdie tekens om 'n potensiele slagoffer van hedendaagse slawerny te identifiseer.

WORD DEUR IEMAND ANDERS

BEHEER

Hulle word deur 'n beherende persoon vergesel en praat nie vir hulself nie, maar verwys eerder na 'n ander persoon.

BEWEGINGS WORD BEHEER

Hulle word van en na hulle werk vervoer of bly en werk op dieselfde plek. Daar is tekens dat hulle bewegings beheer word.

GEBREK AAN INKOMSTE

Hulle word nie toegelaat om hulle inkomste te hou nie en word gedwing om dit aan 'n ander persoon te oorhandig. In baie gevalle het die persoon skuld wat hulle werk om af te betaal.

GEEN AMPTELIKE IDENTIFIKASIE

NIE

Hulle is nie in besit van hul paspoorte, identifikasie- of regsdokumente nie.

OORMATIGE ANGSTIGE,

DEPRESSIEWE EN ONDERDANIGE

GEDRAG

Hulle is bang om met buitestaanders of die owerhede te praat aangesien hulle handelaar(s) hulle streng dophou en beheer. Hulle kan dalk bang, angstig, depressief en oormatig onderdanig wees en kan dalk oogkontak vermy.

MISLEI DEUR VALS

WERKSAANBOD

Hulle eintlike werk is anders as die geadverteerde werk wat hulle aanvaar het.

VOEL VASGEKEER

Hulle het genoem dat hulle nie tans hulle lewens- of werksituasies kan verlaat nie.

1. Global Slavery Index. (2022). Global Slavery Index Report 2022.

2. Profits and Poverty: The Economics of Forced Labour (2024)

3. Global Slavery Index. (2022). Global Slavery Index Report 2022.

AS JY DIT VERMOED, RAPPORTEER DIT.

Skandeer die QR-kode om hierdie nommers te stoor en te deel, en skakel hierdie nommers as jy enige tekens van mensehandel opmerk.

